Oortuig Dan Besorg

Dankie, baie dankie, Broer Parker.

Goeienaand, vriende. Dis goed om vanaand weer hier te wees. En ek skat julle is moeg van sit en luister na my. En ek het—ek het so moeg geraak, hees, 'n bietjie hees van so hard preek.

2 Ek het pas daar met Broer Parker gepraat, en hom gesê dat ek reken dit is een van die beste dienste waarin die Here my laat wees het in 'n lang tyd. Dit was nie groot nie, julle weet wat ek bedoel, maar nie te groot nie. Daar was nie te veel wat dit bygewoon het nie, maar die—die—die kwaliteit daarvan, was wonderlik. Geloof, goeiste, lyk asof enigiets sou kon gebeur. Ek hou van daardie soort diens waar jy net voel asof net enigiets kan te eniger tyd gebeur. En ek—ek hou daarvan. En ek is seker daar sal 'n blywende resultate wees, en dit sal sig uitwys.

3 Ek bewonder beslis julle almal se geduld, sit, luister na my wat vir ure preek, en kom dan die volgende aand terug. Julle kan beslis 'n klomp straf verduur. Sien? So ek is . . . Ek weet julle het klomp goeie geduld. So julle is . . .

4 Ek wil sê, vir ons almal, dat ons dankbaar is teenoor jou, teenoor daardie Broer Thomas. Ek kan net nie my gevoel teenoor Broer Thomas uitdruk nie. Hy, ek het gedink ek ken hom, maar ek het hom met iemand anders verwar. Ek kon hand skud met sy kosbare vroutjie. En is werklik diensknegte van Christus. En ek hoop beslis dat, as God wil, ons paaie nog baie meer kere in die lewe sal kruis.

5 As ek julle mense was, en ek hierrond gewoon het, sou sy kerk die plek wees waarheen ek sou gaan. So ek—ek hou van hulle, 'n man wat . . .

6 [Broer Thomas Parker sê: "Ek haat dit om Broer Branham so te onderbreek, maar ek dink dit sal by hierdie geleentheid in orde wees. Ek dank hom vir daardie komplimente en die mooi dinge wat hy gesê het. Ek het net gewonder of die mense hierrond, en almal wat hierdie konvensie bywoon, hom graag weer sou wou terughê. Wat daarvan? Wil almal dit hê?" Gemeente gee applous. Dankie. Inderdaad, wil julle hê hy moet volgende Junie terugkom en—en net saam met ons sit? As julle wil hê, staan op julle voete. Komaan."—Red.] Dankie. ["Goed. Sit maar."] Dankie, baie dankie. Dis regtig aangenaam. Dankie, Broer Parker. Ek is so baie . . .

7 [Iemand praat met Broer Branham—Red.]

8 Hy het gesê alle kostes is betaal, en alles. Ons waardeer julle almal se mooi samewerking, julle weet, dit kos nogal om hierdie

konvensies te hê. En so is alles klaar betaal. Dis baie mooi. Ons is net dankbaar. Alles, bo en behalwe.

9 Die Here het gered, genees, en alles het plaasgevind, so ons is net bly om te wees wat . . . dit te sien. Sou nie graag die diens wou sien geskiedenis word nie. Maar dit sal weer na vore kom by die . . . Daar ver, in die tye wat kom, sal ons die resultate sien.

10 Nou ons wil almal weer bedank vir, ek wil, vir geskenkies wat julle aan my gestuur het gedurende hierdie tyd. Ek waardeer dit regtig, regtig baie.

11 En nou, ons gaan nou om Broer Bigbee te besoek by South Carolina, Columbia, Columbus, South Carolina. En ons gaan daar wees môre-aand en Dinsdagaand, by met Broer Bigbee. Dan gaan ons oor na die Weskus.

12 Ek wil julle vra, en dan, daarvandaan, veronderstel ek, na ons hierdie veldtog daar afgesluit het, wil ek na Afrika, Australië, Nieu Zeeland, en daardeur gaan. Kan ek vra om julle gebede vir my, dat God my sal help? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En baie dankie.

13 En ons is baie dankbaar oor alle dinge. Ek sê dit vir myself en vir die mense wat hier van die tabernakel is. Ek het ons . . . of sommige van ons trustees, hier, en diakens, en sommige van my vriende van daar af.

14 Ons pastoor is hier. Ek het Broer Neville nooit kon sien nie. Ek skat hy is voorgestel. Was hy? [Broer Parker sê: "Ja."—Red.] Ja. Broer Neville. Waar is jy, Broer Orman. Ek kan jou net nie uitmaak nie. En, o, goeiste! Daar, lewensgroot. Kom hiernatoe vir 'n oomblik.

15 Hierdie man, ken ek as 'n ware dienskneg van Christus. Hy was 'n in-die-wol-gekleurde Metodis, en het toe die Heilige Gees ontvang. Nou is hy 'n Heilige Gees Metodis. Dit is ons kosbare pastoor.

16 Wil graag jou hand skud, Broer Neville. [Broer Neville sê: "Dankie. God seën jou. Bly om jou te sien."—Red.] Dankie. Het sitplekke . . . ? . . .

17 Ek ken Broer Neville al vir jare, en sy lieflike vroutjie, selfs voor hulle getroud is. En die jare wat ek hom geken het, het hy nooit enigsins verander nie, net hoër in God gegaan. Dis al. Maar hy's betroubaar. Ons het hom nou lief as die pastoor. Hy's al vir jare daarin, en ons hoop hy bly tot Jesus kom, as dit die wil van die Here is.

18 En sou jy net 'n woord vir die mense wou sê, Broer Neville?

19 [Broer Neville sê: "Wel, ek is beslis bly om hier te wees in die geselskap van hierdie goeie man van God, wat dit my voorreg was om mee geassosieer te wees vir hierdie tien jaar. Ek weet nie of ek 'n goeie Gahási uitgemaak het, of nie, maar ek het probeer om die staf te dra vir hierdie man van God. Hy is meer as 'n vriend

vir my. Hy was, as't ware, 'n vader in die Evangelie, vir my, ook, alhoewel ek hom 'n paar jaar in ouderdom oortref.

20 ["Maar, tog, ek's so bly, ook, om in hierdie diens te wees. Iets het my beetgepak hier in Southern Pines, dat ek regtig baie van hierdie plek hou. En ek het dit geweldig geniet. Ek weet dat God 'n hand gehad het daarin dat ek in staat was om hierheen te kom en by Broer Branham te wees in hierdie diens. So, ek was so bly om hier te wees, dat dinge net so gerieflik uitgewerk het en so wonderlik, dat ek God net nie genoeg kan prys, vanaand, vir dit alles nie.

21 ["Maar, bo alles, het ek gesê, toe ek hierheen gekom het, daar is een ding wat die hele diens vir my onderstreep, en dis hierdie Woord van God. Amen. Ek sou nie. . . As ek nooit 'n persoon genees sien, as ek nooit iemand vir die siekes sien bid nie, as God net voortgaan om my Sy Woord te gee, daar is die blydskap wat my siel vervul, en kom van die onderkant van my voete tot die bokant van my kop, hierdie Woord van die Here. En, amen.

22 ["Ek is bly dat God hierdie uur geseën het van God se dienskneg en profeet. En ek het die Seën van hom af op my voel kom, so ek is bly ek kon hier wees. Ek hoop julle almal het dieselfde ding gevoel as ek, in hierdie dienste. God het regtig Sy dienskneg geseën hier by hierdie plek. Waarom ek dit weet, hy het dit 'n rukkie gelede te kenne gegee. En groot en magtige dinge wat ons in Geloof het, vanaand!

23 ["Liewer, die Bybel leer ons, ons hoef nie dinge sigbaar te hê nie. Al wat ons nodig het, is, wanneer ons bid, glo, en ons het dit alreeds. Amen. Ek het hulle nou, omdat dit is hoe die Bybel sê dit is. En ek verbly my daarin, omdat God hierdie wonderlike dinge doen deur hierdie, ons pastoor, God se dienskneg en profeet, Broer Branham. En mag die Here hom altyd seën en voortgaan om hom in hierdie Weg te hou. Prys die Here!"—Red.]

God seën jou, Broer Neville, uit ons hele hart.

24 Nou, julle weet, as jy op 'n piekniek gaan, as iemand 'n boompie êrens staangemaak het, wel, jy kan nie, jy weet nie of dit nog daar is of nie, sien, want dis net uitgeplaas, staangemaak, of iets. Maar wanneer jy weet daar is 'n ou eik wat net standvastig gebly het, kan jy gerus maar dink aan onder daardie boom ingaan en rus. Dis Broer Neville, net dieselfde elke dag, gaan net reguit voort. So ek is so bly daaroor.

25 Ons het—het nog 'n broer hier, 'n pastoortjie, een van die susterkerke van ons kerk daaronder. As hy nie naderkom nie, wil ek hê hy moet opstaan, Broer Junior Jackson, nog 'n Metodis vervul met die Heilige Gees. Junior Jackson, waar is jy? Broer Junior Jackson, 'n Metodis, vervul met die Heilige Gees. Hier is hy, net *hier*, Broer Jackson. Wil jy iets sê, of enigiets wat jy wil sê? Goed.

26 Nog een hier is Broer Palmer, nog een van ons broers hier. Sal jy opstaan, Broer Palmer? 'n Pastoor van onder in Macon, Georgia, is een van ons vriende.

27 En Broer Fred Sothmann, ek weet hy is hier. Hy is een van ons trustees by die kerk. Waar is jy, Fred? Êrens hierbinne, sit agter aan die agterkant.

28 Broer Banks Wood, waar is jy, Broer Banks? Hy's een van ons ander trustees, *hier*.

29 Broer Banks was 'n Jehova's Getuie, julle weet. En hy het na die diens toe gekom, en hy het 'n kreupel seun gehad; David, sy been opgetrek, van polio. En ek was in 'n tentdiens, en eers het hy gesien die. . .Hy was daar by—by Dallas, die aand. . . of, Houston, toe die Heilige Gees neergedaal het in daardie vorm van daardie Lig, en hulle die foto Daarvan geneem het. Broer Wood was daar. So, ek het hom toe nie geken nie. En toe het hy genoeg geld bymekaar gemaak. Hy's 'n kontrakteur. Hy het na die volgende diens toe gekom. Ek het oorsee gegaan, daarvandaan, en het na die volgende diens gegaan. Hy het sy kreupel seun gehad, en polio. En terwyl ons was. . .Ek het daar gestaan onder die salwing van die Heilige Gees, het teruggegaan oor die skare heen, met hom gepraat. Hom alles daarvan uitgelê. Hom gesê om op te staan.

30 David, waar is jy? Is jy hier, vanaand? Ja. Die seun wat kreupel was, dis hy. David, as die mense nie glo dat God 'n mens kan genees wat sy been opgedraai het met polio, en dinge nie, wens ek jy wil net daar loop, net 'n minuut, hulle wys hoe jy kan uitloop. Ja. Ja. Hier, nie net om 'n publieke vertoning te maak nie, maar net 'n getuienis. Daar, kyk, nie eens mank of niks anders nie, volkome normaal en gesond. Sien? Dis regtig, regtig wonderlik, wat ons Here kan doen. Nou, as Hy dit vir hom sal doen, wel, sal Hy dit doen vir iemand anders. Sien? So, sekerlik, dis net of ons daardie soort van geloof kan kry.

31 Nou, natuurlik, julle almal is bekend met, om Broer Ben hier te ken. Hy net. . .julle weet, hierdie man wat jy bo almal kan hoor "Amen" sê. Ek sal julle 'n ietsie vertel. Ek hou nie daarvan om dit oor hom te sê nie; sy vrou sit daar. Ons is almal lief vir Ben. En dit was voor hy getroud is. Ek was buite op die Weskus. En daardie seun is van suidelike Indiana.

32 Ek was daarbuite op die Weskus, net aan die preek, bo een aand, San Fernando Valley, vallei, met die Baptiste mense, groot tent vol mense. Nou, hulle is soort van verfynde mense, julle weet. En ek was net aan die preek. Skielik het ek 'n geskree gehoor; swart bos hare, skud, soos—soos—soos—soos 'n Meksikaan; twee groot voete steek in die lug op; sy hande *so*. Ek het opgehou. Ek het gesê: "Ben, waar in die wêreld het jy hier beland?" Daar was hy.

33 God seën jou, Ben. Jy nie meer as net opstaan nie, staan net op, jy en jou vrou. Ons wil net graag hê die mense moet . . . Broer Ben, dis wie al die "amens" gemaak het hier in *hierdie* hoek hier. God seën jou. [Broer Ben Bryant sê: "Begeer al julle gebede. Ons vertrou ons gaan terug in die sendingveld, binnekort, in die berge in, Broer Branham."—Red.] Amen. God seën julle.

34 Broer Way, nog 'n sendeling, probeer sy weg vind oorkant in die sendingvelde in. Hy is by ons, vanaand. Ons ken hom. Hy het daar by ons vertoef vir 'n ruk. Waar is jy, Broer Way? Is jy in die diens? Net *hier*, en sy vrou. En nou, ek sê julle, die oorlog tussen Engeland en Noorweë is besleg. Hy's 'n Engelsman, en sy's 'n Noorweër. Dis alles oor. Lieflike mense. Ja, meneer. Die oorlog is heeltemal verby.

35 Broer Boze was hier, nou die aand, om sy film te wys, en sê: "O, wel," het hy gesê: "daar's 'n vrou . . . " Dis Suster Sothmann. En wens ek het haar laat opstaan, saam met Fred, hierbinne êrens. Lieflike mens. En sy's 'n Noorweër. Natuurlik, Broer Boze is 'n—is 'n Sweed. En hy het gesê: "Hum! Hum!" Julle weet hoe Joseph maak. Het gesê: "Daar's 'n dame hier, 'n suster," gesê: "sy's 'n Noorweër." Het gesê: "Natuurlik, as jy nie 'n Sweed kan wees nie, is dit goed om 'n Noorweër te wees."

36 Buite gekom, hy het na my toe gekyk. En ek het gesê: "Natuurlik, Joseph, dis jammer dat hulle nie almal Iers kan wees nie, Iere." So ons het almal die humorsin daar.

37 Broer Higginbotham, waar is jy? Hierrond êrens, wel, nog 'n godvresende man daar van ons kant af. Een wat 'n trustee was by die kerk daar, vir jare en jare. En sy vriend, Suster Arganbright, Suster Ruth Arganbright, net hier. Ek reken sy sit hier in die paadjie. Staan op. Hoeveel ken Minor Arganbright? Een van die visie-presidente van die Volle Evangelie Sakemanne, 'n niggie van hom.

38 O, goeiste! As ek een van julle mense uitlaat! Ek, ek is trots op julle, elkeen. Ek is so bly julle is hier saam met ons. Ons weet nie, gaan heen-en-weer.

39 Broer en Suster Dauch sit ook daar, en Suster Brown, Broer Brown.

40 Broer McKinney, nog 'n Metodiste prediker met die Heilige Gees. Waar is jy, Broer McKinney? Waar is jy, hierrond? Hy is van bo in Ohio. *Hier*, ver hier agter, nog 'n volwaardige, in hierdie Woord gebore, uitgeskutte Metodis. Dis reg. Nou, doop van die Heilige Gees, beweeg voort vir God.

41 Pat Tyler, nog 'n boesemvriend van my wat hier sit. Broer Pat, staan op. Julle almal mag Pat Tyler ken. Dankie, Broer Pat. God seën jou. Hy was 'n misdadiger, 'n gewapende, 'n doodmaker. God het hom gered en 'n heilige van hom gemaak. Ryloop dwarsoor die land, om die dienste en dinge te volg.

42 Weet julle wat dink ek van hierdie mense, dat waar kom hulle vandaan? Ek dink aan Hebreërs, die 11de hoofstuk: "Is in stukke gesaag en het rondgeloop in bokvelle en skaapvelle, die wêreld was hulle nie werd nie." Hulle dra almal hulle getuienis.

43 Tom Simpson, waar is Tom? Het hy hiernatoe gekom? Ek het gedink ek het sy kar hier gesien. Hy en sy familie, ek het gedink hy was hier. Miskien het ek 'n fout gemaak. Ja. Wip op-en-af soos 'n dobber aan 'n vislyn daar: "stamp-stamp" so. Goed.

44 Die Here seën julle almal. Ons is bly om hier te wees. Hier is andere van Georgia, verskillende plekke. En ons is bly julle is almal hier, en om, van ons ou vriende te ontmoet.

45 Kyk ek na Suster Peckinpaugh van Chicago? Ek het gedink ek het. En Suster Little, en langs haar, en—en Suster D'amico, kosbare, geliefde mense van Chicago, daardie groep vroue wat altyd baie na aan my was.

46 En ander wat hier sit. Die broer, ek kan nie eens sy naam onthou nie, en van onder in Georgia êrens. Ek. . . Dit alles, o, goeiste, hulle het net so vasgeval hierrond. Ons is bly om in hierdie gemeenskap te deel.

47 Ou Broer Bosworth het altyd vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, weet jy wat 'fellowship' [Afr: "Gemeenskap."—Vert.] is?"

Ek het gesê: "Ek dink so."

48 Het gesê: "Dis twee 'fellows' in net een 'ship.'" [Afr: Twee kêrels in net een skip."—Vert.] So daar het ons dit, maar ons het gemeenskap. Die Here wees julle genadig.

49 Dankie vir alles wat julle gedoen het. Ek sal een van hierdie, hierdie diens, plaas op my lys, as een van die rooi merke van my dae van bediening, oor julle mooi samewerking, hierdie goeie broers en susters, en almal so gasvry. Voel net so tuis, dat ek my hees gepreek het.

50 Nou, Broer Ned Iverson gaan die dienste voortsit na my, onder by—by Columbia's, daar saam met Broer Bigbee. Broer Ned, is jy hier, vanaand? Ek weet nie of. . . Ja, daaragter. 'n Presbiteriaan, vervul met die Heilige Gees. Uh-huh.

51 En Dr. Lee Vayle en sy vrou, kosbare, geliefde vriende van my. Broer Vayle het saam met my gewerk in die diens, 'n kosbare vriend. Ek skat hierdie manne is almal voorgestel en dinge. Is jy hier, Broer Vayle? Is jy in die gebou, vanaand? Daaragter. Die Here seën jou. Suster Vayle, waar is jy? Ek hoef nie meer as net vir jou te wuif nie. God seën jou, suster. Ons is so bly om hulle almal hier te hê.

52 En bid julle almal nou vir my. En ek gaan net voort deur geloof, glo dat, byna enige tyd, kan ons die Koms van die Here sien. Ek weet nie net hoe, wanneer, waar nie, maar ek wil gereed wees wanneer Hy kom. En somtyds kan ek dink dit kan op *hierdie*

manier wees, en kan op die ander manier wees. Maar, hoe ook al, ek wil daar wees wanneer Hy kom. Ek wil saam met Hom gaan. Nou, dis my ambisie. En nie alleen wil ek gaan nie; ek wil hê al my vriende moet gaan, en ek wil hê al my vyande moet ook gaan. Ek wil hê almal moet gaan.

53 Ek het die klein visioen gehad, of, ek wil dit nie 'n verplasing noem nie. Ek het nog nooit so 'n visioen gehad nie. Ek het daar daarna gestaan en kyk, na myself teruggekyk, hier onlangs. Baie van julle het dit gelees in die tydskrifte en goed. Vriende, julle—julle kan nie bekostig om dit te mis nie. Moet dit nie doen nie.

54 Nou, daar is daar êrens. Ek was daar net soos ek hier is, het na myself teruggekyk. Ek het visioene gehad. Ek weet wat visioene is. As dit 'n visioen was, was dit die eienaardigste een wat ek ooit gehad het. En ek het die mense gesien, diegene wat al heengegaan het. Ek het hulle daar gesien. Die oues was jonk. En hulle het daar gestaan, menslike wesens net soos ek is, net sonder sonde. Dit was bokant volmaaktheid. Wonderlik! Jy—jy sou net nie kon noem wat dit was nie.

55 En toe ek geweet het dat ek moes terugkeer, was daar net een ding, dat, ek sou terugkeer, om mense te probeer oortuig. Wat julle ook al doen, moet dit nie mis nie. Moet dit nie mis nie. Moet dit nie mis nie. Jy kan nie bekostig om dit te mis nie. Enigiets anders, laat enigiets anders staan, maar maak daarvoor gereed, sien, wat jy ook al doen.

56 Ek sal nou in die sendingvelde gaan, as die Here wil, hierdie winter, wanneer ek terugkom van hierdie reise af, so wees in gebed vir my. Want, hier is dit maklik, af en toe sien jy 'n bose gees in 'n diens inkom en dit probeer ontwrig. Maar in daardie plekke, dis toordokters en duiwels. Jy moet liewer weet waarvan jy praat. Het beslis. Want, hulle is duiwels, en hulle sal jou net daar uitdaag. Maar, o, hoe, nie een keer nie . . . Ek sê dit met my hand hier op my Bybel. Nie een keer nie, en julle weet julle kan julle voorstel hoeveel keer om die wêreld heen is dit uitgedaag, of God het inbeweeg op die toneel en die gordyne teruggeskeur, en Homself getoon, God, net dieselfde as wat Hy was in Elía se tyd. Hy is steeds God. Ja. Nie een keer nie. Dis waarom ek . . .

57 Sommige van julle, sommige predikers, kom en vra my om na hulle plekke te kom. Ek wag tot ek gelei voel om te kom. Dan as ek kom, kom ek net in my eie naam, as ek so kom, net om jou vriend te wees. Maar wanneer ek gelei voel om te kom, dan kan ek kom in die Naam van die Here Jesus. Sit jou voete van daardie vliegtuig af, behoort sy aan jou. Amen. Ek neem dit alles oor, in die Naam van Jesus Christus. Dan moet jy Hom dan daar gaan ontmoet, want jy is dan God se ambassadeur. Maar nou, wanneer een of ander kerk jou stuur, of, een of ander vriend jou roep, iets, gaan jy net, veronderstel weer. Goeiste, veronderstel! Ek skat julle is moeg van na daardie een te luister.

58 Nou laat ons blaai in die goedgunstige ou Bybel. En voor ons dit doen, laat ons bid. Sien, ons praat, en—ensovoorts, en nou laat ons nou ons gemoedere sentreer rondom Hom vir die volgende paar minute.

59 Ons Hemelse Vader, ons het die mense bedank vir hulle goedheid, en hulle groot, oorvloedige gevoelens teenoor ons, en hoe ons hulle waardeer. En nou, Vader, wil ons U bedank, bo alles, want dis U, Here, wat dit gedoen het. Dis U wat ons geseën het en ons laat sit tesame in Hemelse plekke in Christus. Satan sou ons diens versteur en—en ruïneer. Maar U het ons net so goed liefgehad, dat U ons almal net laat byeenkom het en gemeenskap ondervind het rondom die Woord. En ons waardeer dit so, God. Selfs 'n bietjie hees weens ooreising van stem, Here, het ek so 'n wonderlike tyd beleef, gevoel U Gees seën my siel. Die Woord, wag net nie vir 'n ding nie, vloei net soos riviere, totdat ek net moet gaan sit. God, ek's so dankbaar daarvoor.

60 En mag ons Broer Parker, en al sy personeel, en hierdie plek wat ons uitgenooi het, Here, mag hulle geseën word. Gee hulle duisende siele. Verhoor, wanneer hulle vir die siekes bid. Verhoor hulle gebede, Here, en genees die siekes. En wanneer hulle iets probeer doen in U Naam, kom dit na, Here. Gee aan hulle die vrugte van die Gees. En die. . . En gee hulle die groot begeerte van hulle hart, Here, siele vir hulle huur. Dan, op daardie Dag wanneer ons daar voor U staan, mag die siele van oraloor kom, hulle arms gooi om hierdie kosbare, godvresende man en sy personeel: "As jy nie op die veld gebly het nie, Broer Parker, sou ons nie hier gewees het nie." O God, ons weet dis die opregte begeerte van enige ware dienskneg van Christus, weet dat hulle arme, verlore menslike wesens kan lei na 'n reddende Christus. Dank U vir dit alles.

61 En nou, Here, bid ons dat U elkeen sal seën. En seën die dienste wat kom, oral. Gaan met elke huis. Wees met hulle soos ons weggaan, vanaand, om na ons verskillende huiste te gaan. Wees met ons op die pad. Bly op die wiel. Hou die vyand van ons af weg, Here. En ek bid dat U hierdie dinge sal skenk.

62 Gee ons nou die begeerte van ons harte, elke versoek, vanaand. En myne is, Here, dat U die Brood van die Lewe weer vir ons sal breek, vanaand. Is daar enige hier nie gered nie, red hulle. En wat die Heilige Gees nodig het in die doop, mag Dit vanaand kom. Enige siekes; genees hulle. Enige vermoeides; gee hulle vreugde. Skenk dit, Here. Seën nou U Woord soos ons Dit lees, en mag die Outeur ons die konteks gee. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

63 Johannes, 1ste hoofstuk, 35 tot 41, wil graag hierdie kosbare Woorde lees.

En die volgende dag het Jesus *weer daar gestaan en twee van sy dissipels;* . . . (Verskoon my.) . . . *het Johannes weer daar gestaan en twee van sy dissipels;*

en toe hy Jesus sien wandel, sê hy: Daar is die Lam van God!

En twee dissipels, die twee dissipels het hom dit hoor sê en Jesus gevolg.

En toe Jesus Hom omdraai en hulle sien volg, sê Hy vir hulle:

Wat soek julle? En hulle antwoord Hom: Rabbi — dit wil sê, as dit vertaal word, Meester — waar is U tuis?

Hy sê vir hulle: Kom kyk. En *hulle het gegaan en gesien waar Hy tuis was en dié dag by Hom gebly. En dit was omtrent die tiende uur.*

Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Jesus *of* . . . *Johannes gehoor het.*

Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind — dit is, as dit vertaal word, die Christus.

En hy het hom na Jesus gelei. Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, wat vertaal word Petrus.

64 Nou mag God Sy seëninge voeg by hierdie Woord. Nou, wil trek, vanaand, as die Here wil, vir 'n bietjie, vir 'n—'n woord, twee woorde wil ek gebruik daaruit. Die twee woorde wat ek wil gebruik is "besorg" en "oortuig."

65 Nou, soos ons weet, en ons almal weet, dat ons nou 'n groot afkoeling sien, om die nasies heen. Ek eers begin het, was daar 'n klomp tinsel op die diens. Mense was in bidure oral. Gekritiseer, koerante het my gekritiseer. Een vrou het drieduisend myl in 'n huurmotor gery, net om by die diens in Kanada uit te kom. Hulle is nie meer so besorg nie. Dit lyk asof daar 'n afvalligheid gekom het. En lyk asof daar nie veel besorgdheid is nie, nie te veel nie, in elk geval, soos nie soveel as hulle behoort te wees nie. Baie min besorgdheid.

66 Nou, oor die enigste besorgdheid wat ons het, is nie daardie heelnag-dienste nie. Toe, ek—ek het eenkeer op die platvorm gebly vir agt dae en nagte, sonder weg te gaan, probeer bid vir al die mense. En teen die einde, was daar oor die veertigduisend-en-iets mense wat wag om voor gebid te word. Sien? Kan dit nie doen nie. Maar hulle sou 'n groep *hierdie* kant toe neem, en in die woude ingaan; hulle sou 'n groep *hierdie* kant toe neem, in die woude ingaan; predikers wat die mense deurbid tot die doop van die Heilige Gees. Kon net nie rus totdat hulle die Heilige Gees ontvang het nie.

67 Vra verskoning. Ek het gesê twee-en-veertigduisend. Ek meen, sou jy dit naslaan in die tydskrif, daar was agt-en-twintigduisend, was dit, wat steeds gewag het. Vir myle om Jonesburg heen, was daar nie eens 'n plek wat jy kon huur nie. En tentstede op, en alles. Hulle is nie meer so besorg nie. Sien? Die herlewingsvure is aan die doodgaan.

68 Besorg, is nou: "Kom net en sluit aan by die kerk." Of, 'n besorgdheid is: "Ondersteun een of ander radio sending, of een of ander televisie affêre, en maak dit 'n soort van 'n vertoning," en vir—vir die goeie, natuurlik, sekerlik. Groot geboue, bou groot skole, ensovoorts, soos hierdie. Dit skyn te wees dit is die—die besorgdheid nou. Het soort van die visie van daardie gebed en noodsaaklikheid verloor, en soos hulle altyd gehad het. Daar is iets wat gebeur het. Ek sou graag wou weet wat dit was. En nou is hulle skynbaar nie besorg nie.

69 Jy kan *hierdie* kerk besoek, of 'n oproep doen vir mense om na die altaar te kom, en dit sou wees dat hulle net na die altaar toe sou hardloop. En ek het die tyd beleef terwyl ek gepreek het, voor ek nog selfs my preek kon klaarmaak, sou die altaar en op-en-af in die paadjies toue mense gestaan het. Ek het die tyd beleef wat die Heilige Gees daar in die gehoor in sou beweeg, en—en voorspel en iemand iets sê, en die mense sou verwonderd wees, en net flou word daar in hulle sitplek.

Daar is iets verkeerd êrens.

70 Doen steeds dieselfde ding. Steeds dieselfde Evangelie. Ek het nooit die minste verander sedert ek begin het nie. Ek het net begin met die naakte, kale Woord van God, en ek het Daarby gehou, van toe af. Twee-en-dertig jaar was ek agter die preekstoel, en het nooit enigiets teruggetrek of enigiets verander nie; stel dit net soos ek begin het. Ek kan dit nie terugtrek nie. Dis God se Woord. En—en as ek Dit sê net soos Dit *hier* gesê word, moet ek die volgende keer dieselfde ding sê, want *Hier* is die manier wat Dit hier geskryf is. Sien? So, kan net niks anders Daaroor doen nie. En die Heilige Gees doen steeds dieselfde ding.

71 So, maar dit lyk asof daar nie genoeg besorgdheid is nie. Nou ek is . . . wonder waarom, waarom is daar nie 'n besorgdheid soos daar altyd was nie? Dis, ek reken waarom daar nie soveel besorgdheid is as wat altyd was nie, hulle is nie so oortuig as wat hulle altyd was nie. Jy moet oortuig wees voordat jy besorg kan wees.

72 Nie besorg nie, neem jy die tyd nou, in plaas van te evangeliseer en iets te probeer doen, wil almal 'n yslike groot skool hê, of 'n yslike groot iets wat hulle kan onderrig, en—en predikers beter preekstoelmaniere laat hê, ensovoorts.

73 Weet julle wat glo ek? Ek glo dat die mense nie oortuig is dat Jesus binnekort gaan kom nie. Ek glo nie dat hulle oortuig is dat

Hy in hierdie eeu gaan kom nie. En ek glo dis waarom hulle nie besorg is nie, want hulle is nie ten volle oortuig nie. Dis reg. Hulle is nie oortuig dat Hy by hulle is nie. As hulle was, sou hulle na die Woord teruggekom het. Dis reg. En baie mense mag dit nou misverstaan.

74 Liefde, liefde is—is dissipline. Jy moet mense dissiplineer as jy hulle liefhet. As jou dogtertjie buite in die pad gesit het, soos ek vanoggend gesê het, modderkoekies gemaak het; as jy haar regtig liefhet, sou jy haar van daardie pad af kry.

75 Wat as jou vrou gesê het . . . John iemand, wat ook al jou naam is, julle weet, jy laat haar net uitgaan met 'n ander man, omdat jy gesê het: "Seën haar hartjie! Sy wil dit doen. En ek het haar net so lief, ek gaan haar dit laat doen." Jy sou 'n flou verskoning vir 'n man wees. Sy behoort van jou ontslae te raak, en iemand te kry wat haar liefhet, wat vir haar sal sorg. Ek het dit nie so bedoel nie, want jy kan dit nie doen nie.

76 Maar waarby probeer ek uitkom? Is dit, dat, wat as God vir Eva sou gesê het: "Arme Evatjie. Weet jy, jy's My kind. Ek—Ek—Ek . . . Jy het nie bedoel om dit te doen nie"? Natuurlik, sy het nie bedoel om dit te doen nie. Sekerlik, het sy nie. Maar sy het dit gedoen. En ons weet sy het dit gedoen. Ons sien die resultate daarvan nog steeds. Maar, julle sien, Hy—Hy het haar liefgehad, en Hy—Hy moes Sy Woord teenoor haar nakom.

77 En God moet Sy Woord teenoor ons nakom, so ons moet Sy Woord gehoorsaam. En wanneer ons Sy Woord gehoorsaam, en Hom dan sien bevestig wat Hy gesê het Hy sou doen, dan is ons oortuig, reg, dat die Woord reg is. Nou, wanneer ons uitvind, bring ons . . .

78 Hier nie lank gelede nie, hierdie groot evangelis na 'n Mohammedaan, julle het dit in die koerant gelees, soos ek het. Hierdie Mohammedaan het daardie evangelis uitgedaag, dat: "Jesus Christus was 'n mens-aanbidding; dat mense 'n mens gevolg het." Hy het geglo in dieselfde God as wat die evangelis het, maar het gesê: "Jesus is nie Sy Seun nie. Dis net 'n mens-gemaakte aanbidding." En die evan- . . . Hy het die evangelis uitgedaag, gesê: "Die—die Bybel het gesê dat die werke wat Hy gedoen het, Christus, Sy volgelinge dieselfde sou doen." Hy het gesê: "Nou, ek sal dertig siek mense inbring, en jy bring dertig siek mense in, en ek sal elkeen genees wat jy genees." Sien? En die evangelis het die loop geneem. Hy het die aftog geblaas.

79 En as ek die evangelis was, reken ek, as ek nie genoeg geloof gehad het om dit te doen nie, sou ek nooit daardie ongelowige daar laat staan het nie. Ek sou gesê het: "Ek ken iemand in ons kringe wat geloof het om dit te doen."

80 Waarom? Jy moet oortuig wees, eers, dat dit God is, dan weet jy waar jy staan. Dis waar. Oortuig, eers, dan kry jy jou besorgdheid. Hoewel mense verklaar God is met hulle, maar

hulle is . . . Dis nie alles . . . Moeder het altyd gesê: "Dade spreek harder as woorde." Sekerlik, dit doen dit. Jy moet dit uitvoer, dit glo, oortuig wees, en dan sal jy besorg wees.

81 Jesus het gesê: "As jy My liefhet, laat My skape wei." Nou, dis waar ek dink ons erg gefaal het, is Sy skape te laat wei. "As jy My liefhet, laat My skape wei." Vandag, is dit byna: "Skeer my skape." Kry hulle in 'n plek en vat alles wat hulle het, en laat hulle hulle huis verpand, en hulle hele ouderdomspensioen, en alles anders. Praat van 'n skeerdery! Jesus het dit nooit gesê nie.

Broer Parker het vanmôre gesê: "God het Sy mense lief."

82 Hy het Sy skape lief. Hy het gesê: "Laat hulle wei." En skape moet Kos vir skape kry. Hy het nooit gesê: "Voed my skape op" nie. Hy het gesê: "Laat hulle wei," nie voed hulle op nie. "Laat hulle wei. Gee hulle, gee hulle Kos vir skape."

83 Wat is Kos vir skape? Die Brood van die Lewe. Jesus is die Brood van die Lewe, Evangelie, Waarheid. Verkondig Dit sonder om toe te gee. Dan weet jy dat wanneer jy moet verantwoording doen op die Oordeelsdag vir hulle siel, as 'n prediker van die Evangelie, kan jy staan en sê: "Dit is wat in die Woord geskryf was." "Voed hulle met die Waarheid. Laat My skape wei."

84 Toe Johannes so besorgd was, dat hy geweet het dat die Messias in sy tyd gaan kom. Johannes die Doper het dit geweet, so hy het geweet dat die Messias sou kom in die tyd waarin hy gelewe het. Maar toe hy uit die wildernis gekom het, het hy nooit enige skole begin nie. Hy het nooit enige kolleges begin nie. Hy het nooit enige organisasies begin nie. Waarom? Hy was oortuig dat die Messias in sy tyd sou kom. Sy Voedsel, Sy Boodskap, Sy optrede, het daarvan getuig.

85 En ons glo dat Hy gaan Kom in hierdie tyd. Waarom wil ons groot ding byeenbring? Waarom sou ons wou maak, bou miljoene dollar in skole en geboue, en dan sê Jesus kom? Wel, die publiek weet van beter. Hulle weet jy praat oor iets wat jy nie glo nie. Uitvoer wat ons preek. Reg. Nou ons moet dit doen.

86 Johannes was so positief. Toe hy gebore is, het hy geweet hy is 'n ongewone geboorte gebore.

87 Ons weet almal hoe Sagaria die engel gesien het. En dit moes 'n stremming op die ou egpaar gewees het. Sagaria was 'n bejaarde man, en Elisabet was 'n bejaarde vrou, maar hulle het geglo dat—dat God hulle eendag 'n baba sou gee. Sy was onvrugbaar. En ons weet toe Johannes gebore is, die ongewone geboorte, en die wete dat hy God se dienskneg sou wees, moes swaar gewees het vir die ou egpaar. Want hulle weet, volgens die lewenstyd, hulle sou nooit lewe om daardie seun in sy bediening te sien kom nie.

88 En Johannes se vader was 'n priester. Maar in plaas dat hy, met daardie roeping, daar na die kweekskool gaan waaruit sy

vader gekom het, kon hy nie daarheen gaan nie. Hy kon nie ’n kans vat daarmee nie. Hy kon net nie daarmee deurmekaar raak nie. Omdat, hy gesien het dat, in die Skrif, hy sou wees: “die stem van een wat roep in die wildernis.” Hy het gesien dat hy sou wees: “Die boodskapper wat voor die Messias sou gaan.” En hy moet seker wees daarvan. En hy het gewag in die wildernis totdat hy oortuig was, en toe was hy besorg. Hy was oortuig. Hy wou, Hy wou bly. Hy was so seker daarvan, dat hy Jesus sou sien, dat hy dit gesê het: “Daar, Hy staan nou tussen julle. Daar is Een tussen julle, Wat julle nie ken nie.” O, ek hou daarvan!

89 Daar is Een tussen ons, vanaand, maar ek is bly ons ken Hom. En ek glo Hy’s die Een wat daarvan getuig. Die groot Heilige Gees getuig daarvan dat Jesus binnekort kom, want dit is volgens die Woord, en al die tekens word vervul. Ons is by die eindtyd.

90 Hy wou nie oor Hom verklaar nie, enige fout maak nie, toe het hy in die wildernis gebly totdat hy oortuig was dat hy sou weet wat die Messias was. En God het hom gesê na watter soort teken om te kyk, wanneer hy die Messias gesien het. So toe hy Hom gesien het, en die teken gesien het wat veronderstel was om Hom te volg, was hy oortuig dat dit Hy was. Hy het gesê: “Ek getuig daarvan dat dit Hy is.” Want, God, Wat hom gesê het, en hom deur die profeet voorspel het, sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is: “Hy was die stem van een wat roep in die wildernis: ‘Berei die weg van die Here, en maak Sy pad gelyk.’” En die God wat hom voorbestem het, en hom uitverkies het vir die taak, hy het gewag op daardie God totdat hy van daardie God gehoor het. Amen. Toe daardie God hom gesê het wat gaan plaasvind, was hy oortuig. Toe hy daardie teken gesien het, het gesê: “Daar is Hy.” Amen.

91 As ons net so opreg wou wees! As ons sou wag by die altaar, nie een of ander soort van ’n gevoeletjie kry en opspring en weghardloop nie, maar daar bly. Maak nie saak wat gebeur nie, bly daar totdat jy volkome oortuig is deur die krag van Sy opstanding, dat die Heilige Gees ’n houvas op jou gekry het en jou vashou, en jy is ’n nuwe skepsel in Christus. Bly daar totdat jy dood en weer opgewek is, dan sal jy nie ’n huigelaar na die water toe gaan nie. Jy sal daarheen gaan, en jy weet dat Hy—Hy vir jou gesterf het, en jy saam met Hom gesterf het. Nou gaan jy, om weer saam met Hom opgewek te word; wys die wêreld dat jy glo dat Hy gesterf het en weer opgestaan het, en jy’s dood saam met Hom, en is alreeds weer opgewek. En nou gaan jy sit in Hemelse plekke, Skaapkos eet. Reg.

92 Andréas, hierdie grote waarvan ons praat, die broer van Simon, hy het heelnag gebly, totdat hy oortuig was. Soos hy het met die oewer langs gegaan, Johannes, hierdie groot profeet het bly sê: “Daar is Een! Die tyd is op hande. Al julle geslagte van adders in die gras, moenie dink om te sê: ‘Ek behoort *hieraan*, en ek behoort *daaraan*. Ons het Abraham as ons Vader,’ nie. Ek

sê vir julle, God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." O, hy het net aangelê, 'n byl teen die wortel van die boom.

93 Sien, Johannes was 'n wildernis-mens. Kyk waarvan het hy gepraat: byle, bome, slange. Sien? Dis waaraan hy gewoond was, daar in die wildernis. En hy het gesê: "Die byl lê teen die wortel van die boom, en elke boom wat nie goeie vrugte bring nie, gaan neergewerp en verbrand word." Slaan die byl teen die boom; kap slange se koppe af, en alles. Hy was 'n wildernis-mens.

94 Geen wonder nie dat Jesus gesê het: "Wat het julle uitgegaan om te sien?" Daardie *Vergete Saligspreking*, soos ek daaroor gepreek het. Toe Hy oor die heuwel gegaan het, het die dissipels van Johannes gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien, 'n man geklee in fyn klere?" Hy het gesê: "Dis die soort wat hulle noem: 'Doktor, heilige vader.' En hulle dra sagte klere. Hulle soen die babas, en trou die—die jonges, en begrawe die oues. Hy hanteer 'n knipmes." Wat sou so 'n man weet van 'n tweesnydende Swaard daar aan die gevegsfront? "Het julle uitgegaan om een te sien?"

95 Sommige het gesê: "Het julle dan uitgegaan om te sien 'n riet geskud deur enige wind, of enige groepie kan aankom, jou verander van *dit* na *dat*, en *dit* na *dat*?" Nie Johannes nie. Hy was oortuig. Hy—hy het geweet waar hy gebly het. Hy het sy posisie geken. Johannes was nie rond te skud nie. Nee, nee.

96 Het gesê: "Wat het julle dan gegaan om te sien, 'n profeet?" Hy het gesê: "En Ek sê vir julle, groter as 'n profeet. Hy's meer as 'n profeet."

97 So Johannes was oortuig, en hy begin preek. En Andréas het die dienste bygewoon. En so toe Jesus verbygekom het, en Andréas en nog 'n dissipel was daar, en Johannes het aangedui, en gesê: "Aanskou die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem." En hulle het Hom gevolg.

98 Ek hou daarvan. Ek wens ek kon soveel krag in my prediking hê. Wanneer ek sê: "Aanskou die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem," en elke persoon sou afsit agter Hom aan. Goeiste! Laat ek . . .

"Waar kan ek Hom vind, Broer Branham?" Ek kan jou wys.

99 Nie lank gelede nie, was ek in 'n Sakemansbyeenkoms. En ek het gepreek buite op die Weskus. En daar het een of ander kêrel na my toe gestap, en hy het gesê: "Sê, is jy nie 'n prediker nie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Wat maak jy by hierdie sakemanne?"

Ek het gesê: "Ek is 'n besigheidsman."

En hy het gesê: "In watter soort besigheid is jy?"

Ek het gesê: "Versekeringsbesigheid."

Hy het gesê: "Watter soort assuransie?"

Ek het gesê: "Versekering."

Het gesê: "Watter soort is dit?"

100 Ek het gesê: "Bly versekering, Jesus is myn." Ek het gesê: "As jy geïnteresseerd is in 'n polis, sal ek dit graag met jou wil bespreek."

101 'n Vriend van my, Mnr. Snyder, kosbare seun, hy kom op na my huis toe. En ek het hom geken toe ek 'n klein kêreltjie was, en ons saam skool toe gegaan het. Hy het gesê: "Billy, ek wil graag bietjie assuransie aan jou verkoop."

102 Wel, ek het 'n stelletjie afgetrap eenkeer, oor assuransie, en ek het dit nooit meer uitgeneem nie. Toe het hy gesê. . . Ek het gesê: "Wilmer, ek—ek sou sekerlik, soos hy, maar," het ek gesê: "ek—ek het alreeds versekering."

Hy het gesê: "O, het jy?"

103 My vrou het na my gekyk asof ek 'n huigelaar was. Sy het geweet ek het geen assuransie nie, maar ek het gesê "versekering." Sien?

104 Hy het gesê: "O, ek's jammer, Billy." Hy het gesê: "By watter maatskappy is dit?"

Ek het gesê: "Die Ewige Lewe."

Het gesê: "Ek glo nie ek het al ooit van daardie maatskappy gehoor nie."

Ek het gesê: "Jy behoort." O, ek's oortuig dat dit reg is. Dis reg.

105 So, Johannes het gepreek en gesê: "Daar is Hy, die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem."

106 Wanneer ek Hom sien beweeg oor 'n gehoor, 'n sondaar trek, of 'n siek persoon, en met hulle praat, en weet dat dit die einste God is. En enigiemand, wat enigiets weet, sal weet dat ek dit nie kon doen nie. Ek sou graag wou sê: "Aanskou die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem."

107 Ek hou van dat mense, sê: "Ek glo dit. Ek bekeer my nou van my sondes. Ek glo aan Jesus Christus." O, ek hou daarvan om hulle dit te sien doen.

108 En hierdie dissipels het net weggetrek agter Jesus aan. En Hy het omgekyk. Hy het hulle gekry. En Hy het gesê: "Wat soek julle?"

109 Hulle het gesê: "Rabbi," wat vertaal word: "Meester, waar is U tuis?"

110 Hy het gesê: "Kom kyk." Nou dis 'n wonderlike uitnodiging. "Kom kyk." Ek hou daarvan.

111 Dis wat Filippus vir Natánael gesê het, toe Natánael gesê het: "Kan daar iets goeds uit Násaret kom?" Hy het gesê: "Kom kyk."

112 So ons kom, vind uit. Moenie tuis sit en kritiseer nie. Kom, vind uit. Sien? "Kom, kyk self."

113 Nou, hulle het gesê dit was aandtyd, toe het Andréas die heelnag gebly. O! Dis 'n goeie manier. Hy het gebly totdat hy oortuig was. Wat daardie Man hom daardie nag vertel het, wat Hy vir hom gesê het, of wat Hy gedoen het, daar was iets wat Andréas volkome oortuig het dat Hy die Messias was.

114 Die volgende dag heel vroeg, stel ek my voor, het hy sy jas en hoed gegryp, en gegaan, omdat Petrus sou gaan visvang onder op die rivier. En hy het gesê: "Kom kyk Wie ons gevind het. Dis die Messias." Hy was oortuig. Toe hy volkome oortuig was dat dit die Messias was, was hy besorg oor sy broer.

115 Dis wat die probleem is, vananad. Mense is nie oortuig van die Boodskap nie. Mense is nie oortuig van die Heilige Gees nie. As jy regtig oortuig raak, dan is jy besorg. Jy sal alles doen wat jy kan, om te doen wat jy ook al mee moet doen. Sê: "Wel, Broer Branham, ek's nie 'n prediker nie." Wel, jy kan ook iets doen.

116 Onthou ek het eenkeer 'n diens gehad. Daar was 'n boer wat gered en vervul is met die Heilige Gees. En hy het slegs niks behalwe net sy ondervinding, en 'n vragmotor, gehad nie. Maar hy het soveel vervoer na die diens, hy het nog dertig met die Heilige Gees vervul laat raak, voordat . . .?. . . Waarom? Hy was oortuig. En toe hy oortuig was, was hy besorg. Dogtertjie is genees. Ons het siek mense gehad elke aand, 'n vragmotor vol van hulle, het hulle gebring van oraloor. Dertig het die Heilige Gees gekry. Sien? Hy was oortuig dat Dit reg was, toe was hy besorg oor iemand anders. En ons is . . . As ons oortuig is dat Jesus binnekort gaan kom, sal ons besorg wees oor ons verlorenes. Ons sal alles doen wat ons kan om die Evangelie uit te kry.

117 Jakob het heelnag gebly, een nag, gestoei. Daardie prins van stoei, hy het heelnag gestoei. Hy was Esau aan die ontwyk *hier* en *daar*. Hy was doodbang, vir hom. En hy het gehoor Esau is aan die kom. Hy het sy vrou oorkant die spruit gesit. Het na die ander kant toe oorgegaan en neergekniel. Julle weet, God het neergedaal en Jakob vasgevat, en hulle het heelnag geworstel. So hy—hy was nie volkome oortuig nie, aan die begin. Maar teen die tyd dat God met hom klaar was, was hy oortuig. Ja. Hy het gebly en vasgehou totdat hy oortuig was dat dit God was.

118 Broer, toe was hy nie bang vir Esau nie. Het die rivier oorgesteek, en hy was swak en mank. Die slegste tyd waarin hy kon wees, so het dit gelyk. Hy—hy was—hy was die swakste wat hy ooit was. Hy was verkreupel en alles. Maar Esau het vir hom gesê: "Wil jy my 'n leër laat uitstuur om jou te help?"

119 Het gesê: "Ek het nie eens die hulp nodig nie." Waarom? Hy was oortuig dat die God, waaraan hy 'n houvas gehad het, vir hom kon sorg. Halleluja! As mense dit net wou doen.

120 As jy oortuig kan word dat die God wat 'n houvas op jou kry, jou hart skud, jou 'n nuwe skepsel maak in Christus Jesus. Laat siekte, dood, of enigiets anders aankom, jy's oortuig. Hy kan goed vir jou sorg. Sekerlik. Amen. Ek hou daarvan.

121 Samgar, die kêreltjie oor wie ons nou die aand gepraat het, hy was besorg oor sy familie. Ja, hy het geweet hulle was honger. En die Filistyne het nadergekom, 'n duisend van hulle, reken ek, seshonderd-en-iets. Ek reken, seshonderd van hulle het met die pad aangekom, gewapende manne. Hy was besorg oor sy familie, omdat hulle daardie winter van honger omgekom het. Maar hy het daar gebly, gedink en gestudeer. Wat kon hy doen? Hy het daar gebly totdat hy oortuig was dat God Sy belofte hou.

122 Nou, kyk wat sou hy kon gedink het. "Nou, hier, my vader Abraham, van wie ek in my liggaam die teken van besnydenis dra, omdat ek glo Abraham was 'n man van God." Hy was oortuig. Hy het sy tuiste verlaat. Hy het alles agtergelaat wat hy gehad het, om God te dien. En op die berg daardie dag, toe hy die ram geoffer het in plaas van Isak, het God vir Abraham gesê: 'Omdat jy dit gedoen het, sal jou saad die poort van die vyand in besit neem.'" Dis reg. "'Jou saad, Abraham, Ek belowe jou, Ek sweer daarby.'" Halleluja! O, goeiste! Nou voel ek godsdienstig. "'Ek sweer daarby. Abraham, jou saad sal die poort van sy vyand in besit neem.'"

Nou Samgar kon sê: "Ek is die saad van Abraham." Amen.

123 En as Samgar dit kon dink, synde die natuurlike saad van Abraham, wat van vanaand, en ons is die Koninklike Saad van Abraham? O! Sjoe! Julle dink ek is gek. Miskien is ek. Los my uit. Ek voel beter so as wat ek het toe ek die ander verstand gehad het. Ja. Koninklike Saad van Abraham! Die Kerk is die Koninklike, beloofde Saad. En as die natuurlike saad soveel moed kon skep, wat behoort die Koninklike Saad nie te doen, met die—met die Teenwoordigheid van die Heilige Gees net oral salf, Homself vertoon nie? Sjoe! Glorie! Sekerlik.

124 Samgar het gesê: "Ek's 'n saad van Abraham." Soos hy begin dink daaraan: "God het vir Abraham gesê, dit glo ek, dat sy saad sy vyand se poorte in besit sal neem. En daar is hulle, marsjeer deur my poort." Het net uitgereik, 'n osdrywerstok gevat. Nou, hy het nie gestop nie.

125 Hy het nooit gewag om te leer hoe om te veg, of gesê: "Wag nou 'n oomblik. Ek's die Koninklike Saad. Ek's die saad van Abraham. Ek's besny. So, julle weet, al hierdie Filistyne is goeie vegters. Hulle het al lank geoefen. Ek sal na die kweekskool toe gaan en my Ph.D. en L.L.D kry, en ek sal leer hoe om te veg. Ek sal die kategismus leer, al die kerkreëls," nie.

126 As hy dit gedoen het, sou dit al wees waarvan hy iets geweet het! . . .?. . . [Gemeente sê: "Sekerlik."—Red.] Hy sou net

dit geweet het, en hy sou dit nie kon verslaan het nie. Dan sou hy nie teen die vyand opgewasse gewees het nie.

127 Jy is nie teen die vyand opgewasse nie. Ek is nie daarteen opgewasse nie. Maar ek onthou ek lewe onder 'n belofte, halleluja, dis dat sy kragte alreeds meer as oorwin is, en oorwonne, en neergewerp is. "Ek is meer as 'n oorwinnaar, net nou." Nie ekself nie, maar ek's in Hom Wat hom vir my oorwin het, sien, en dit leef voort. Ek's deel van die Koninklike Saad van Abraham. Dink 'n oomblik daaraan, vat dan jou osdrywerstok. Verdryf daardie duiwel van twyfel van jou af weg. Ja.

128 Het gesê: "Ek's . . . ek kan nie leer veg nie." As hy dit doen, is dit al wat hy weet hoe om te doen, is net veg. Dis al waaroor hy sou kon praat.

129 Vandag, dis hoe ons dit vandag probeer doen. Mense sê: "Ek het 'n roeping in my lewe om 'n prediker te wees."

130 "Wel, nou, seun, ek sal die biskop bel, en ek sal uitvind of ek jou nie daar na die skool kan laat gaan, en jy sielkunde kan leer, en al hierdie dinge leer nie. En omtrent tien jaar in die kweekskool sou jou kon gereed maak." Dit sal, wel sekerlik. Dit sal hom gereed maak sodat hy nooit weer kan opkom nie.

131 Watter verskil is dit nie, 'n prediker vandag te stuur, met wat daar was in die eerste Kerk nie. Hulle het nie tien jaar gewag nie. Hulle het tien dae gewag. As dit jou tien jaar vat om oortuig te raak . . . Hulle was binne tien dae oortuig. Amen. Hy mag oortuig wees van sielkunde, maar jy moet kniekunde kry. Net tien dae, hulle was oortuig, en toe was hulle besorg oor andere. Sommige van hulle kon nie eens hulle eie naam teken nie. Die Bybel het gesê hulle was onkundig en ongeletterd, maar hulle was oortuig. Halleluja!

132 Ek gee nie om oor die geleerdheid nie. Ek's oortuig dat Jesus Christus die Seun van God is. Ek's oortuig Dit is die Heilige Gees. Ek's oortuig Hy's 'n Geneser. Ek's oortuig Hy's 'n Redder. Ek's oortuig Hy kom. Ek's oortuig *Dit* is Dit. Ek's oortuig. Ek glo dit.

133 Hulle het gesê hulle is oortuig. Iets het gebeur. Hulle was oortuig, toe was hulle besorg nadat hulle oortuig is. Hulle was besorg daaroor om Sy Woord uit te kry by die res van hulle. Dit was 'n goeie teken dat hulle oortuig was: hulle was besorg.

134 Hulle was nie besorg oor 'n geleerdheid, besorg daaroor of hulle "amen" net reg kon sê nie. Hulle was nie besorg oor watter organisasie hulle aan behoort het, of oor óf hulle 'n gemeenskapskaart gehad het of nie. Hulle was oortuig dat al wat hulle nodig gehad het, was Hy.

135 En ek's net so vanaand. Ek's oortuig dat al wat ons nodig het, is Christus. Het nie 'n nuwe burgemeester nodig nie. Ons het nie nuwe presidente nodig nie. Ons het nie 'n nuwe leermag nodig nie. Ons het nie 'n nuwe bom nodig nie. Ons het Jesus nodig.

136 Dis al waarvan hulle—waarvan hulle oortuig was. En hulle het ook geglo dat Hy sou . . . Hulle was oortuig daarvan dat Hy—Hy alles sou verskaf waaraan hulle behoefte gehad het.

Is julle so oortuig, vanaand?

137 Sê: "Ek's oortuig. Maak nie saak wat voor my kom nie. Hy sal opgewasse wees daarteen. Maak nie saak wat voor my kom nie, ek's oortuig Hy sal vir my sorg. Hy het gesê Hy sou dit doen."

138 "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die tydperk. Dink nie aan môre nie, dit sal aan homself dink." Dis reg, dink net aan vandag. "As God die veld, en die gras van die veld so beklee het, wat vandag is, môre nie is nie; en as Hy genoeg gedink het dat nie eens 'n mossie in die straat kon val sonder dat Hy daarvan weet nie," hoeveel te meer weet Hy nie van ons behoeftes nie?

139 Ek's oortuig. Dis waarom julle my nie sien bedel vir offergawes, en *dit*, en *dat* nie. Ek's oortuig. As ek by hierdie Woord bly, sal God by my bly. Ek's oortuig. Hoef nie gegee te word nie. Dit sal op een of ander manier kom. Ek, ek's—ek's net—net oortuig. Ek glo dit. Ek glo elke Woord wat Hy gesê het. Ek's net oortuig Daarvan. Ek's oortuig Hy sal voorsien in al die behoeftes waaraan ek behoefte het. Ek hoef my nie daaroor te bekommer nie.

140 En hy was ook oortuig dat hulle nie 'n klomp sielkunde en al hierdie ander goed hoef te neem nie. Hulle was oortuig dat dié wat . . . vir wie hulle—hulle gepreek het, was al wat hulle nodig gehad het, sou wees wat hulle gehad het.

141 Dis die probleem daarmee vandag. Hulle probeer ander goed in hulle stop, geloofsbelydenisse, en sulke goed. Jy was nooit rustig oortuig dat die Heilige Gees reg is nie. Dis al waaraan ek behoefte het. Dis al waaraan jy behoefte het. Dis al waaraan enigiemand anders behoefte het.

142 Was in Afrika nie lank gelede nie. Hulle het daardie mense probeer geleerdheid gee daar, en die stamme. En wanneer jy hulle tussen die witman inbring, vat hy 'n witman se sonde. Het sy eie sonde daar in die stam. Bring hom in, vat hy 'n witman se sonde, dan is hy tweevoudig meer kind van die hel as wat hy was, van die begin af. Net een ding wat hy nodig het. Hy het Christus nodig. Amen.

143 Hudson Taylor, eenkeer. Het julle nooit van Hudson Taylor, die groot sendeling, China, gehoor nie? Daar was 'n jong Indiërseun. Hy is gered, het gesê hy het 'n roeping tot die bediening. Hy het gekom en vir Mnr. Taylor gesê, gesê: "Mnr. Taylor, moet ek vier jaar sielkunde neem," en verskillende dinge wat hy moet doen: "en hoe lank sal dit my neem, om my Baccalaureus Artium te kry?"

144 Mnr. Taylor het vir hom gesê, gesê: "Seun, moet nooit die—die kers halfpad uitbrand voor jy begin nie." Nee.

145 Dis wat ek ook dink. Moenie wag tot die kers halfpad uitgebrand, en een of ander soort skoling in jou ingeprop is, een of ander soort balsemende vloeistof nie. Moenie dit doen nie. Maar ek sê, sodra die kers aangesteek is, begin. Ek probeer nie onkunde ondersteun nie, maar hier is wat ek bedoel. As jy niks anders weet nie, vertel hulle hoe die kers aangesteek is. Dis al wat hulle hoef te weet. Vertel hulle wat die kers aangesteek het. Vertel hulle wat daarin brand. Vertel hulle net hoe dit aangesteek geraak het. Sê hulle om aangesteek te raak, hulle sal—hulle sal sorg vir die res daarvan. Sekerlik.

146 Jy hoef nie te vertel, deur allerhande soorte groot woorde te gaan wat jy aan die begin nie ken nie, en niks beteken nadat jy hulle ken nie. Sien? Vertel hulle net: "Glorie aan God! Die Heilige Gees het my getref, en ek's 'n ander mens." Vertel hulle hoe die kers aangesteek geraak het. Moenie wag totdat dit uitbrand nie, dan is dit rook teen daardie tyd. Te veel van hulle vandag. Vertel hulle net hoe dit aangesteek geraak het.

147 Die blinde man aan wie Jesus sy sig gegee het daar, hulle was so 'n stryery daaroor. Julle onthou toe hy verby is, het die dissipels gesê: "Wie het gesondig, hy of sy moeder, sy vader?"

148 Jesus het gesê: "Geeneen nie. Maar dat die werke van God gemanifesteer kon word." En Hy het hom sy sig gegee.

149 Hier kom al die skrifgeleerdes en Fariseërs nader. En sy vader en moeder was doodbang, want hulle het alreeds gesê: "As enigiemand na daardie Jesus van Násaret luister, daardie Profeet, sal hy jou net 'n brief gee van die kerk. Jy's geëkskommuniseer."

150 Hulle het nie die minste verander nie. Sien, dieselfde! "Luister enigiemand na Hom, of gaan na Sy diens toe, is jy net direk van die kerk af, net van die begin af." Hulle vee jou naam reguit van die boek af.

151 Toe het hulle sy vader en moeder gaan haal, gesê: "Is dit julle seun?"

152 Gesê: "Ja, dit is." Gesê: "Ons weet dit is julle seun, en weet hy is blind gebore."

"Wel," gesê: "hoe het hy sy sig gekry?"

Het gesê: "Vra julle hom. Hy's groot genoeg."

Het gesê: "Gee glorie aan God. Hierdie Man is 'n sondaar."

153 Wel, hy kon nie oor teologie met hulle argumenteer nie. Sekerlik nie. Maar daar's een ding wat hy wel geweet het. Hy was oortuig dat hy kon sien. Het gesê: "Of Hy 'n sondaar is of nie, weet ek nie. Ek weet nie van watter skool Hy kom, of niks daarvan nie. Maar dit is een goeie argument wat ek het: waar ek

eens blind was, is ek oortuig dat ek kan sien; omdat Hy my gesê het ek kan, en ek het na Hom geluister." Halleluja!

154 Selfde ding met my. Ek was eenmaal blind, maar nou sien ek. Ek kon Dit eenmaal nie sien nie. Ek was 'n sondaar. Hy het my oë oopgemaak. Waar ek eenmaal blind was, sien ek nou.

155 Hy het 'n goeie argument gehad, het beslis, so erg dat hulle nie die argument kon wen nie. Waarom? Hy was oortuig hy kon sien. En hy was oortuig. "Dit," het hy gesê: "dis nou 'n snaakse ding. Julle gee voor, julle kêrels hier, is die godsdienstige leiers van die nasie. En julle sê julle weet nie van waar hierdie Man kom nie, en hier verrig Hy 'n wonderwerk op my, wat nog nooit in die wêreld gedoen is nie. Dis 'n snaakse ding."

156 Broer, ek reken hy's 'n goeie teoloog, daarby. Waarom? Hy was oortuig. Hy het iets gehad wat hom oortuig het. Hy was blind; hy kon sien.

157 Dawid, toe hy na Saul se leër gekom het, Góliat aan die ander kant, was Dawid die kleinste man in die klomp. Góliat was die grootste. Saul sou meer opgewasse gewees het. Saul was omtrent sewe voet, skat ek, of meer, dalk agt. "Kop en skouers bo elke man in sy leër." En Dawid was die kleinste man daar, en hy was die enigste opopgeleide man daar. Maar, broer, hy was oortuig. Glorie! Sien? "Ek hou van hoe ek lyk."

158 Let op. Hy was nie opgelei nie. Hy het geen spiese gehad nie. Hy het niks daarvan af geweet nie. En hy was net 'n klein rooierige outjie. Maar hy was oortuig, en hy was besorg oor 'n leër wat hulleself genoem het "die leër van die lewende God." En hy was oortuig dat God, Wat hom gehelp het met daardie slingervel, om 'n leeu en 'n beer dood te maak, sekerlik daardie onbesnede Filistyn sou kon uitskakel. Hy was oortuig, toe raak hy besorg oor die leër. Maak nie saak hoeveel hy geraak. . . As jy oortuig is, dan is jy besorg, maar jy moet oortuig wees, eers. So, hy was oortuig.

159 Ek onthou een nag, werklik warm nag, spookagtig oral rond, gaan oorlog toe. O, die kanse was erg teen hom. En hy het gebid. Hy het daar gelê onder 'n moerbeiboom. Die leermag was alreeds gereed, daar om hom te ontmoet. Hy het onder hierdie moerbeiboom gelê. En na 'n ruk het hy iets hoor kom, en voortgaan deur die moerbeibosse, en het voortgegaan die ander kant uit. Hy was oortuig, broer. Maak nie saak wat die kanse was nie, hy was oortuig dat God uitgegaan het, voor hom in.

160 Man, as jy hier kan staan, vanaand, maak nie saak wat met jou verkeerd is nie; as jy daardie rukwind van die Heilige Gees deur jou kan voel kom, en sê: "Ek is die Here wat al jou krankhede genees. Ek genees jou nou." As jy oortuig kan wees, broer, gee jy nie om wat die kontak daarbuite is nie, jy weet alreeds dit gaan gebeur. Sekerlik.

Hy was oortuig en toe was hy besorg.

161 Simson staan voor die Filistyne, met net 'n eselskakebeen in sy hand, hy was nie—hy was nie eens gewapen nie. Maar hy was oortuig dat die God wat hom opgerig het, in staat was om met daardie eselskakebeen, hierdie Filistyne dood te maak. En hy het 'n duisend verslaan.

162 Die wegloper-profeet Moses, toe Moses oortuig geraak het dat dit God was in daardie bos. Julle weet, Moses het nooit 'n ondervinding met God gehad nie. Hy het 'n klomp teologie gehad. Maar hy het weggehardloop. Maar toe. . . Hy was oortuig dat dit God was in daardie bos. Want, die Stem het uit die bos gepraat, Skrif vir hom aangehaal, en hy was oortuig dat dit God was. En God het gesê: "Ek sal met jou wees." Julle weet, hy het al alle besorgdheid verloor oor die las in Egipte. Hy was al veertig jaar daar, en hulle in slawerny. Maar toe hy oortuig was dat dit God se wil was om hulle te verlos, het hy besorg geraak net die volgende dag.

163 Hier gaan hy met die pad langs. Kan julle julle die gesig voorstel? Met Sippóra wat op 'n muil sit, klein Gerson op haar heup. Baard hang *so* af, tagtig jaar oud, bleskop skyn deur die son; 'n krom staf in sy hand, roep uit: "Halleluja! Gaan af na Egipte, om oor te neem." Ja.

Dit kan jou vreemd laat optree.

164 Dit mag hom vreemd laat optree het, maar hy was oortuig. Waarom? "Ek gaan saam met jou, Moses. Ek gaan hierdie stok vat wat in jou hand is, en Ek gaan My volk verlos." Nou, 'n ou krom stokkie het nie na veel gelyk nie, maar, broer, hy was oortuig omdat die Woord van God daarmee saam was.

165 As jy weet God se Woord is met jou, en in jou, kon jy oortuig wees.

166 Die Hebreeuse kinders, hulle was oortuig dat Hy in staat was om Sy Woord te hou, ja, solank hulle Daarby sou staan. God het hulle gesê om nie vir afgode te buig nie. Dis net presies wat God bedoel het. En hulle het geweet dat as hulle nie neerbuig vir daardie afgod nie, dat God in staat was om Sy Woord te hou. Hulle was oortuig dat Hy was. En toe toe hulle oortuig was oor staan by Sy Woord, was God besorg oor staan by hulle.

167 Wanneer jy oortuig is dat Dit die Woord van God is, is God besorg om Daarmee vir jou te sorg. Het Dit probeer, deur die vreemde velde en oral, wanneer jy oortuig is dat Dit reg is. Maar, jy moet oortuig wees, dan sal God besorg wees met jou. Maar, eers, moet jy oortuig wees dat Dit Hy is, en Hy Sy belofte hou, dan is God besorg.

168 Martha was oortuig dat as Jesus God gevra het, sou dit gebeur. Sy het gesê: "Ek gee nie om wat enige van die res van hulle sê nie. Ek gee nie om selfs as my suster Maria nie daarin glo nie. Ek glo nie, gee nie om wat die rabbi sê nie. Maar, Here, as U hier sou gewees het, sou my broer nie gesterf het nie." En hy

het gesê. . . "Selfs nou, is ek oortuig, as U God vra, sal God dit vir U gee. Dit sal gebeur. Ek gaan reguit daarnatoe en die steen wegrol. Ek gaan gereed maak daarvoor. Ek's oortuig." Sekerlik.

169 Onthou my vader, daar in Kentucky, jare gelede. Die oeste was alles aan die verbrand. En die ou omgangsprediker kom deur, en hy was 'n goeie ou man. Wanneer hy op sy knieë gegaan het, het hy daar gebly tot iets gebeur het. Daardie dag, hulle wou almal hê om te bid vir die reën om te kom. Pa het gesê, toe daardie ou man op sy knieë gegaan het, en hy daardie ou verskrompelde hande in die lug sien opgaan het, hy het gesê: "O God, ek het U gedien. Hierdie mense is Uwe, en hulle oeste verbrand." Pa het gesê hy het net daar uit die kerk uitgeglip, en daarheen gegaan en die saal van sy muil afgehaal, dit onder die kerk gegooi, want hy het geweet die reën kom. Oortuig, ja, meneer, toe was hy besorg oor sy saal. Nadat jy oortuig is!

170 Martha het gesê: "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U ook al vir God vra, dit sal God vir U gee." Dis reg. "Dit gaan gebeur, as U God vra." Is dit nie wonderlik nie?

171 Jaïrus, net 'n lyk in sy huis, sy enigste kind, twaalf jaar oud, 'n dogtertjie. Die boodskap het gekom: "Moenie die Meester lastig val nie, want sy is alreeds dood." En Jesus het gesê. . .

172 Eers, het hy vir Jesus gesê: "My dogtertjie is selfs nou dood, maar ek is oortuig." Halleluja! "Kom, lê U hande op haar, sy sal regkom." Oortuig!

173 Hy het van Jesus gehoor. Hy het Sy werke geken. Hy was 'n geheime gelowige. Diep in sy hart, het hy geglo dat dit die Seun van God was. Hy was heeltemal oortuig dit was. Weet julle, is dit nie vreemd nie? God het hom na vore gedwing.

174 God weet hoe om jou te dwing. Reg. Somtyds gee Hy jou siekte, alles anders, net om jou daartoe te dwing, jou kleur te wys, wat jy is.

175 Het hom gedwing. Jaïrus is gedwing om dit te glo. So toe het hy gewys wat hy was. Het gesê: "As U sal kom, U hande op my dogtertjie lê, al is sy dood, sal sy lewe." O, goeiste! Ek hou daarvan.

Ek dink, Martha het dieselfde ding gesê.

Jesus was ook Daarvan oortuig.

176 Die Romeinse soldaat, die hoofman oor honderd, hy was oortuig, as hy net Jesus kon kry om die Woord te spreek. Luister na daardie soldaat, 'n Romein, Heiden, ongelowige. Hy het gesê: "Ek's 'n man onder gesag. Ek sê vir *hierdie* man, hierdie soldaat: 'Gaan jy *hierheen*,' en hy gaan. En ek sê vir *hierdie* een: 'Kom,' en hy kom." Waarom? Hy was oor hom. Waarvan het hy getuig? "Jesus, U is oor alle siektes. U is oor dit alles. As ek U net die

Woord kan hoor spreek, sal my dienskneg lewe. Ek's heeltemal oortuig."

En dan, na dit alles, word ons steeds nie oortuig nie. Sien?

177 Wat was dit? Jesus het gesê dit was groot geloof. Hy het dit nie in Israel gevind nie. "Spreek net die Woord."

178 Hier is Dit, net *Hier*. "Wanneer jy bid, glo dat jy ontvang waarvoor jy gevra het, en jy sal dit kry. As jy vir hierdie berg sê: 'Word beweeg,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het."

179 Bely dan. Wat? "Deur Sy wonde word ek genees. Deur Sy genade word ek gered. Deur Sy belofte sal ek gehoorsaam, en sal ek vervul word met die Heilige Gees." Daar het julle dit, as jy oortuig is dat Hy Sy Woord hou. Maar eers moet jy oortuig wees.

180 Die vrou met die bloedvloeïng, sy was oortuig; maak nie saak wat die rabbi gesê het, en wat die priester gesê het, en wat haar man gesê het, en wat enigiemand anders gesê het nie. Sy het gesê: "Dis 'n Heilige Man. Hy's die Seun van God. En as ek die soom van Sy kleed kan aanraak, dis al wat ek hoef te doen. Ek's oortuig ek sal gesond word." Hoewel die dokter sê sy kan nie gesond word nie, maar sy het gesê: "Ek kan gesond word as ek net die soom van Sy kleed kan aanraak." Sy was oortuig.

181 Die vrou by die put was oortuig dat Hy die Messias was, toe sy die skriftuurlike teken gesien het, wat sy geweet het wat die Messias gaan wees. Soos ek vanmôre gesê het, daardie voorbestemde lewe wat daar lê. En sodra sy . . . Dit, warm water afgeloop . . . Die koel waters, liewer, afgeloop het daar op daardie Woord van lewe wat God voorbestem het van die grondlegging van die wêreld af, het sy Dit gesien [Broer Brnaham klap sy vinger—Red.] so gou soos dit. Wanneer, daar predikers daar was, het Dit nie gesien nie; priesters wat Dit nie gesien het nie; hoëpriesters het Dit nie gesien nie; groot kerklikes het Dit nie gesien nie; het Dit "duiwel" genoem. En daardie arme, klein straatvrou daar, God het dit voorbestem van die grondlegging van die wêreld af. As jy ooit daar is, was jy ook.

182 Nou, die Bybel het gesê: "In die laaste dae, sal die anti-chris so godsdienstig wees, en soveel soos die regte ding, dat dit selfs die Uitverkorenes sou mislei indien dit moontlik was." Maar, dis nie. Dis reg. En: "Almal." "Hy sal almal op die aarde mislei, wie se name nie geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe nie." Sedert die laaste herlewing? Dit klink nie na die Bybel nie, is dit? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] "Van die grondlegging van die wêreld af." Jy gaan hulle nie mislei nie, want hulle lê daar in daardie Woord. Wanneer hulle daardie dinge sien gebeur, [Broer Branham klap sy vingers.] is Dit Lewe, hulle snap Dit net nou.

183 Ander sal rondloop, sê: "Aag, daar's niks Daaraan nie. Huh!" Sien? Hulle is nie oortuig nie. Daar's niks daar om hulle te oortuig nie. Niks in hulle, om mee te glo nie.

184 Moeder het altyd gesê: "Hoe kan jy bloed uit 'n raap haal as daar geen bloed daarin is nie?" Reg.

185 "My skape ken My stem." Hulle ken die Woord. Wat is Sy Stem? *Hier* is dit. Hierdie geloofsbelydenisse volg hulle nie. "Maar, hulle hoor My Stem, hulle volg Dit."

186 Vrou by die put was heeltemal oortuig. Toe was sy besorg dat haar mense ook daardie teken sal sien en Dit glo, nadat sy oortuig was dat dit die Messias was. Want Hy het vir haar vertel waar haar probleem was. Sy het gesê: "Meneer, ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy dit doen."

187 Hy het gesê: "Ek is Hy." Sy het geweet dat 'n mens wat daardie ding kon doen, sou sekerlik die Waarheid praat. Glorie aan God! Ja, 'n man wat God op daardie manier sal gebruik, sal nie lieg nie. Reg. Hy sal jou die Waarheid vertel. Het gesê: "Ek is Hy."

188 En sy was so verheug toe daardie Lig deurgebreek het op daardie Woord, sy het in die stad ingehardloop. Sy was heeltemal oortuig. Of sy veronderstel was of nie, sy het in die stad ingehardloop en daardie rabbi's en priesters vertel, en al die mense in die strate, die markmense, en daar in elke kruideniersware. En sy het in die strate op-en-af gegaan, getuig: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge gesê het wat ek gedoen het. Vat julle Bybel. Kyk in die boekrol. Is dit nie die Waarheid, dat dit die einste Messias is nie?" Sy was oortuig. Sy sal in die oordeel opstaan en duisende mense hier uit die Verenigde State veroordeel. Sy sal beslis.

189 Weet julle, Jesus het gesê: "Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan, hulle veroordeel, omdat sy gekom het om 'n gawe van wysheid te hoor, wat Salomo gehad het, 'n onderskeiding." En het gesê: "Een groter as Salomo is hier." Sekerlik. Maar steeds wou die mense Hom nie glo nie. Vir seker.

190 Sy was oortuig, en sy wou hê haar mense moes oortuig wees. Sien? Nadat sy oortuig was, toe het sy besorg geraak oor haar mense. Sy het geweet dat dit Messias was. Sy het geweet dis wat die Bybel gesê het sou gebeur wanneer Messias kom.

191 Sy het gesê: "Ons weet dat Messias, wat genoem word die Christus, wanneer Hy kom, sal Hy ons daardie dinge sê. Maar U moet 'n profeet wees."

Jesus het gesê: "Ek is Hy."

192 Daar was sy oortuig. Want, sy het geweet die Skrif het so gesê, en hier was Dit. Sy was oortuig, toe was sy besorg. Sy het iemand anders gaan vertel.

193 Nou, Jesus was oortuig dat Hy sou opstaan op die derde dag. Hy was so oortuig, Hy het gesê: "Breek julle Hierdie tempel af, en Ek sal dit oprig op die derde dag."

194 Waarom? Dawid, in die Skrifte, onder die inspirasie, 'n profeet, Dawid was 'n profeet, julle weet. Dawid het, onder inspirasie, geprofeteer, en gesê: "Ek sal nie Sy siel in die hel laat bly nie, ook sal Ek My Heilige nie verderf laat sien nie."

195 En Hy het geweet dat op 'n tyd binne daardie twee-en-sewentig uur, voor verderf intree in daardie liggaam, sou Hy opstaan. Twee-en-sewentig uur is drie dae en drie nagte. Hy het gesê: "Breek dit af, en Ek sal dit weer oprig," heeltemal oortuig, dis reg, dat Hy dit weer sou oprig. Hy het geweet die Skrifte kon nie faal nie. Halleluja!

196 Ek's oortuig dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ek's oortuig, in die bediening en die Boodskap, wat ek verkondig, is ek oortuig dat Dit die Waarheid is. Ek is oortuig dat hierdie visioene van God kom. Ek is oortuig ons lewe in die laaste dae. Ek is oortuig dat hierdie einste Gees wat nou op my is, die Heilige Gees is. Glorie!

197 Ek is heeltemal oortuig. Ek's oortuig dat die Heilige Gees-manier reg is. Ek's oortuig dat die Bybel-manier die Waarheid is. Ek's oortuig dat Dit hierdie nou hier Jesus Christus is. Ek's oortuig. As ons Hom geglo het op hierdie oomblik, is ek oortuig dat Hy elke siek persoon sou genees in 'n oomblik, 'n oogwink. Ek's oortuig Hy sou die Heilige Gees uitstort hierop, dat daar so 'n uitroep sou wees, dat dit moeilik sou wees om te sê wat sou plaasvind.

198 Ek's oortuig. Ek glo dit met my hele hart, nie omdat ek 'n ou man is nie. Ek het dit verkondig toe ek 'n kind was, nie oor twintig jaar oud nie. Ek was oortuig sedert daardie dag toe Hy my op die rivier ontmoet het. Halleluja! Ek's oortuig dat Hy nou hier is. Ek's oortuig. En daardie Vuurkolom is dieselfde Vuurkolom wat by Israel was in die wildernis, is dieseflde Vuurkolom by die Kerk vandag. Glorie! Ek's oortuig Dis reg. Ek het my lewe daarvoor gegee. Ek het die huis verlaat en alles anders, my alles gegee Daarvoor. Ek's oortuig Dis die Waarheid.

199 Ek's oortuig Hy's nou hier. Ek's oortuig dat hierdie Gees wat nou hier is, die Heilige Gees is. Ek's oortuig dat ons gedoop word in Sy Gees in net nou. Ek weet Dis die Waarheid. Ek's heeltemal oortuig dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ek's oortuig, volkome oortuig.

200 Daardie Engel het my daar ontmoet en my gesê wat Hy gedoen het. Ek het gestaan voor heidene by die duisende, en tienduisende. Julle sê: "Is jy nie bang nie?" Nee, meneer. Ek's oortuig dat Dit van God kom. Ek's oortuig omdat dit Skriftuurlik was. Ek's oortuig dat Dit die Engel van die Here is. Ek glo dit met alles wat in my hart is. Amen. Ek's oortuig, as ons God sou vra vir enigiets, sou Hy dit vir ons gee. Jy is net bang. Moenie bang wees nie. Hy's hier.

201 Ek's oortuig dat daardie einste Gees wat julle voel, die Heilige Gees wat in ons beweeg, ek's oortuig dat dit Christus is. Amen. Ek's oortuig dat nou hier, dat, Dit is waarna ek kyk, hierdie sirkel van Lig voor my, ek's oortuig dis die Heilige Gees. Ek's oortuig daardie visioen is oor my oë. Ek weet Hy is. Amen. Ek daag elke duiwel in die wêreld uit, hierdie uur. Reg! Hy is God. Christus is nie net 'n profeet nie, Hy is God, niks minder nie.

202 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Kan net nie meer preek nie. Hum! So 'n salwing! [Leë kol op band—Red.]

203 Geseënd sy die Naam van die Here! Heeltemal oortuig dat Hy Jesus Christus is, dieselfde gister, vandag, en vir altyd!

204 Hemelse Vader, ek's oortuig dat Dit U is. Ek bid, God, dat soos ek hierdie platvorm verlaat, vanaand, dat U iets spesiaals sal doen. Bewys vir die mense, weereens, dat Dit U is. Ek dra hierdie gehoor aan U op. Here, ons is in U hande. Maak met ons soos U goed vind. In Jesus se Naam. Amen.

Iets het gebeur. Ek's oortuig dat God hier is.

205 Het hy gebedskaarte uitgegee, enige gebedskaarte? [Iemand sê: "Nee."—Red.] Nee. Ons het hulle nie nodig nie. Ek's oortuig Hy is hier. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Ja."]

206 As jy heeltemal oortuig is, sê: "Jesus, ek raak U aan, met die gevoel van my swakhede. Ek glo dat Broer Branham die Waarheid vertel het. Hy's net 'n man. U is God. Maar ek glo hy het die Waarheid vertel, want Dis die Woord. Laat dit gebeur, Here. Laat hom met my praat en vir my sê. Maak my oortuig."

207 Hier is Dit, alreeds in die diens. Daardie dame wat daar sit, sy bid vir 'n senuwee-toestand. Haar dogtertjie by haar, vertraag. Gaan dit glo? Siek moeder tuis. Hê geloof. Moenie twyfel nie. Jy kan hê waarvoor jy vra.

208 Ek's oortuig dat dieselfde Engel wat neergedaal het in die vorm van 'n Man en met Abraham gepraat het, met sy rug gekeer na die tent, is dieselfde Een hier vanaand. Hy het belowe dit sal wees. Ek glo dat daardie selfde Engel ons salf, want Dit was God. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed, Sara, hierbinne êrens, praat jy met God. Ek's oortuig, suster. Ek's oortuig, broer, ek weet dis die Waarheid. Is beslis.

209 Daar's 'n dame wat agter my sit. Sy het hartprobleme. Sy sit reg agter my. Ek ken haar nie. Sy staan voor my. Sy is 'n middeljarige vrou. Sy is nie hiervandaan nie. Sy is van Virginia. Mev. Fox, Jesus Christus maak jou gesond. Sy sit net hierbinne. Laat ons sien. Dit is sy, net *hier*. Glo.

210 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "As julle kan glo, is alle dinge moontlik."

211 Wat dink jy daarvan, dame? Is ek en jy vreemdelinge vir mekaar? Glo jy ek is Sy profeet? Doen jy dit? Jy het 'n hoof-

probleem. Dis reg. Jou naam is Mev. Moore. As dit reg is, steek jou hand op. Gaan huis toe. Wees genees.

Glo julle?

212 Nou iemand hier, voor my hier. Hier is dit, iemand. Dis 'n vrou. Sy het kanker aan die bors. Mev. Rhodes, glo aan die Here Jesus Christus. Ek ken nie die vrou nie. God ken haar. "Julle kan glo, is alle dinge moontlik." Reg.

213 'n Man wat oorkant sit, en bid, van Tulsa af. Mnr. Harwood, glo aan die Here Jesus Christus. Gaan, wees gesond gemaak. Hê geloof. Dis al wat jy het. Ek ken die man nie, het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Ons is vreemdelinge. Maar dis reg. Waarom? Hy het Iets aangeraak.

214 Is julle oortuig? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is julle oortuig dat God Sy Woord hou? ["Amen."] As julle oortuig is, hoeveel van julle het 'n behoefte?

215 Nou, sekerlik, soos die vrou gedink het by die put. . . Vra hierdie mense. Gaan, praat met hulle, waar hulle ook al . . .

216 Ek sien nog een. Ja, nog een. Luister, kyk of dit reg is of nie. Nou sirkel Dit die gebou. Die hele gebou word gesalf, die hele plek. Ek's oortuig dat die Teenwoordigheid van Jesus Christus elke persoon hier sal genees.

217 Is julle van dieselfde oortuig? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Julle oortuig ek vertel julle die Waarheid? ["Amen."] God bevestig ek vertel julle die Waarheid. Dan, beveel ek dat julle op julle voete staan en julle genesing aanvaar, in die Naam van Jesus Christus. As jy oortuig is, steek jou hande op na Hom, en gee Hom lof.

218 Hemelse Vader, die Heilige Gees, vul hierdie gebou. Hulle is oortuig dat Satan verslaan is.

219 In Jesus Christus se Naam, Satan, kom hier uit hierdie plek uit. Ons is oortuig dat dit Jesus Christus se Teenwoordigheid hier is. En dit sal gedoen word. Amen.

Oortuig Dan Besorg AFR62-0610E
(Convinced Then Concerned)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 10 Junie 1962, by die Aberdeen Hoërskool in Aberdeen, North Carolina, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org